DANKBAARHEID
2021 – 2022
GETUIENISBEDIENING NG KERK, DANABAAI

Ons dryfkrag vir hierdie jaar se Getuienisbediening kan kom van 1Tess 5:18 – **Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.**

Die gawe van dankbaarheid word deel van ons lewe wanneer ons ten volle besef wat God vir ons uit genade gedoen het en dit ons dryfkrag word om elke dag uit dankbaarheid te leef. *(Vanaf internet)*

Dankbaarheid is ‘n getuienis teenoor ongelowiges: Die beste manier om jou geloof met ander te deel, is om dankbaarheid te wys. Dankbaarheid skok mense… Die Bybel sê dat ons so moet leef dat dit die waarheid van God vir ander aantreklik moet maak. *(Vanaf internet)*

Liewe Lidmaat: Op 14 Februarie, wil ons DV weer geleentheid gee dat u die gemeente se sendelinge sal ondersteun vir die volgende jaar. Vanjaar kyk ons mekaar waarskynlik nie in die oë nie en gee nie ‘n stukkie papier met ‘n vormpie daarop om die geloofsbelofte te bevestig nie. *Maar ‘n Boer maak ‘n plan!*

Die sendelinge wat ons ondersteun, is verseker ook oor ‘n wye front geraak deur die pandemie. Dink vir ‘n oomblik hoe dit jóú raak. Dit is egter nie net die sendelinge wat geraak word nie, maar ook die mense aan wie hulle die Evangelie wil uitdra. Dus sal *die Boer se plan vanjaar diep en wyd moet wees!*

Geloofsbelofteoffers vir wêreld-evangelisasie

***‘n Geloofsbelofteoffer word in geloofsvertroue gedoen.**
***Dit is ‘n belofte deur die lidmaat waarmee hy bereid is om die Here te vertrou vir sy bydrae die volgende jaar (1 Mrt 2021 tot 28 Febr 2022).** Die **belofte** kan gesien word as ‘n **ooreenkoms** tussen twee partye waardeur een van hulle instem om iets te doen voor die vervulling van ‘n voorwaarde of die verstryking van ‘n termyn. *(Vanaf internet)*
***Dit is ‘n offer van dank en toewyding. Offer** *(HAT)*: Gawe aan God: iets kosbaars afstaan**. Dank** (Fil. 4:6): *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*

GETUIENISBEDIENING

Sendelinge nr 1– ondersteun uit GBO, gebed
Pierre Lamprecht: Arbeidsbediening, Mosselbaai - ondersteun uit Kerkraadsbegroting, gebed, tyd
Louwrens & Jeanne vd Westhuizen, Makhatini Sending, KZN - ondersteun uit Kerkraadsbegroting, gebed
Frans & Hester Böning: Mosambiek Sending – gebed
Sendelinge nr 2 – ondersteun uit GBO, gebed
Mickey Mouse Dagsorgsentrum: Marinda & Manie Fielies, Asla-park – ondersteun uit GBO, gebed, tyd
Geopende Deure – gebed
Lourie en Gisela Ferreira: Kanjanji Orphan Project, Zambië – gebed
Gideons, Mosselbaai – gebed
Feba Radio – gebed
Provinsiale Hospitaal- gebed

Offer van Dankbaarheid: Leef hierdie jaar gefokus, leef intensioneel. **Wees dankbaar**. Ons gaan weer met u kommunikeer sodat ons soos in die verlede Geloofsbelofteoffers maak vir die komende jaar.
NS: Hou die kerk se webwerf dop vir nuus en gebedsversoeke van die sendelinge.
Sëenwense

Luzette Jacobs
Voorsitter:Getuienisbediening
(044 698-1494/ 082 8205029)